

Ontmoet Mekaar in Christus

Werknemer-werkgewer verhouding

Gebede vir verhoudings

Ek teenoor ons

# Die Fontein

Mei 2025 5/25 GK Pretoria-Annlin Maandblad

Die Fontein
Maandblad

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN

# DIE MAAND IN DIE FONTEIN

**Mei 2025**


| | |
|---|---|
| Redaksioneel | **01** |
| Geestelike groei | **02** |
| Gemeente-gebeure | **11** |
| Kerkfinansies | **16** |
| Kollig op ons Kommissies en Diensgroepe | **17** |
| Kinderhoekie | **18** |
| Briewekolom | **22** |
| Blokadvertensies | **25** |


## Teks vir die maand

**Liefde is die volle uitvoering van die wet**

"Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om **mekaar lief te hê.**
Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit."

Romeine 13:8

# Uit die Redakteur se Pen

Johnny Beumer



Ons tema vandeesmaand is **Ontmoet mekaar in Christus** en ons fokus dus op ons onderlinge verhoudinge. Jesus som die grootste gebod in Matteus 22:37-39 en Markus 12:29-31 op deur te sê dat ons eerstens God moet liefhê met ons hele hart, siel en verstand en tweedens ook ons naaste. In Lukas 10:27 antwoord 'n wetsgeleerde Jesus baie mooi deur ook die liefde tot God en naaste te beklemtoon, maar vra dan verder wie as naaste beskou moet word. Daarop vertel Jesus die gelykenis van die barmhartige Samaritaan en die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat ons naaste veel verder strek as net familiebande en geloofsgenote. Jesus leer ons in Matteus 5:43 om selfs ons vyande lief te hê.

Die saamleef met ons naaste is nie altyd maklik vir die kind van die Here nie. Selfs binne familiekringe kan daar maklik konflik ontstaan. Die Skrif gee vir ons waardevolle riglyne, bv. in Matteus 7:12 sê Jesus: Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen en in Efesiërs 5:21 staan daar: Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

Ons wil daarom in hierdie uitgawe ook die fokus plaas op die verskeidenheid van verhoudings, bv. die verhouding tussen man en vrou, ouers en kinders, broers en susters binne die familiekring maar ook broers en susters in die geloof. Dan is verhoudings tussen gelowiges en ongelowiges, werkgewer teenoor werknemer, owerheid teenoor landsburger, ensovoorts ewe belangrik.

Die vraag is:

**Hoe moet ons mekaar in Christus ontmoet en verhoudings met mekaar bou?**

Ek vertrou dat u baat sal vind by hierdie tema en wil weereens al ons lidmate uitnooi om ook insette te gee deur 'n mening te stel in 'n brief wat ons dan in die briewekolom van een van die volgende uitgawes kan plaas.

Stuur asseblief jul insette en advertensies na **fontein@annlin.co.za.**

**Lees: Psalm 103**
**Fokus: Psalm 103:13**

# Woordoordenking: Ek teenoor jou ... Soos die Here teenoor ons

Ds. Pieter Kurpershoek

**Sing Lied 203:1-3**

**"Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien."**

Dawid vergelyk ons Here met 'n vader. Hy is reg, want ons Here ís Vader van sy Seun, maar ook van ons wat in Hom glo, sy aangenome kinders!

Maar ... ons Here is ook **ontfermende** Vader. Hiermee gryp Dawid terug op vers 8:


- Ons Here as Vader is **barmhartig.** Hy gee vir ons om soos 'n ma vir haar ongebore baba en lééf Hom in ons situasie in, soos ons beleef in Jesus se diepe omgee vir en saam-leef met mense op aarde!
- Ons Here as Vader is **genadig.** Hy vergewe. Hy hou nie boek van die kwaad nie. Hy vat ons oortredinge vér weg van ons af – in Jesus se werk aan die kruis.
- Ons Here as Vader is **lankmoedig.** Hy is geduldig. Hy wag op ons berou, bekering, ons nuwe denke, gedrag, karakter. Hy kyk met verwagting en hoop na ons soos die Vader van die verlore seun, dat ons in Jesus sal glo!
- Ons Here as Vader is **vol liefde, verbondsliefde.** Hy het Homself aan ons verbind en bly lief vir ons. Sy liefde hang nie af van ons prestasies nie. Hy aanvaar en omarm ons in Christus!

Daarom vergewe Hy, genees Hy, red Hy, versorg Hy, laat Hy geregtigheid en reg geskied (103:3-6), gee Hy Jesus vir ons – juis as ons ontfermende Vader!

Jy en ek mag iets van hierdie Vaderwees van ons Here uitstraal. Ons is immers sý beeld en mag deur die Gees al meer sy beeld wéés.

Jy en ek mag ONTFERMENDE vader, moeder, kind, werkgewer, werknemer, man, vrou, kollega, buurvrou, vriend, kennis wees. In élke verhouding mag ons omgee, genadig, geduldig, getrou wees!

Ons het egter beperkte tyd, want ons is broos en ons lewe gaan gou verby (103:15-17). Kom ons gebruik die tyd om ons Here se Vaderskap uit te straal! En wanneer jy en ek sukkel, bly ons ontfermende Vader omgee, genadig wees, liefhê, en jou en my omarm!



# Ontmoet mekaar in Christus

Corrie van Wyk



**Jesus Christus leer koninkrykskinders hoe hulle in verhouding met mekaar moet lewe. (Matteus 18)**

**Vereer God in u bediening aan mekaar;**

## 1. Wees getrou

Elke lidmaat het sy eie unieke gawes en maniere om mekaar te dien – God se genade in verskillende vorms. Jy is nie die eienaar van dit wat jy het nie, maar die bestuurder, die rentmeester en daarom word jy opgeroep om getrou God se genade in verskillende vorms te bedien, soos "goeie rentmeesters van God se genade."

## 2. Wees nederig

Om getrou te wees en alle dinge tot eer van die Here te doen, moet ons ook baie nederig wees. Mag die Heilige Gees ons harte en ons denke meer en meer rig op die nederigheid van ons Here.

**"Almal wat die gemeenskaplike geloof in Christus het ... ervaar 'n besondere omgee-liefde vir mekaar."**

Beoefen die godvrugtigheid
en wees jou medemens altyd
tot voorbeeld in jou lewenswandel;
Jy moet uit liefde teenoor God,
in opdrag van die groot gebod,
uit liefde tot die naaste handel.
O God, staan met u Gees ons by
sodat u liefde in ons bly.

**Sb 14: 1-3**

## 3. Wees diensbaar

**"Benut julle Vryheid in Christus deur mekaar te dien." Gal 5: 13**

Dien mekaar met 'n Christus gesindheid! Ons moet diensbaar wees deur mense die pad na God te wys. Wees gasvry teenoor mekaar.

Ontvang ander koninkrykskinders met gasvryheid, grasie en eer.

Soek mense op na die erediens en maak met hulle kennis. Nooi medelidmate na jou toe. Kom bymekaar en laat Christus die middelpunt wees.

Onberispelikheid in handel en wandel is ononderhandelbaar in die gemeenskap van die gelowiges.

- Koninkrykskinders wys mekaar onderling tereg
- Koninkrykskinders vermy struikelblokke en help ander om dit te vermy.
- Koninkrykskinders vergewe mekaar oorvloediglik

# Ontmoet mekaar in Christus (vervolg)

U sien die Here se gemeente is 'n baie spesiale liggaam van mense, aanmekaar verbonde met 'n ongewone onderlinge toegeneentheid: die eenheid in Christus. Elkeen van ons is ledemate van dieselfde liggaam – Christus se liggaam. Ons het mekaar nodig, want 'n liggaam kan net funksioneer met 'n verskeidenheid ledemate.

Mense wat in dieselfde wedergeboorte deel, ís familie van mekaar, terwyl hulle dit nie van nature sou wees nie. Almal wat die gemeenskaplike geloof in Christus het, met dieselfde verlossing gered is, vervul is deur die een Gees, voedende op die een Woord – ervaar 'n besondere omgee-liefde vir mekaar. Ondersteun mekaar as iemand trauma ervaar, maar deel ook in vreugde:

**"Élkeen wat die Vader liefhet, het ook díé lief wat kinders van die Vader is."**
**1 Joh. 5:1**

Christus roep jou ook om saam met ander gelowiges sy gemeente te vorm. Nooi hulle uit om saam met jou te kom luister na Christus wat jou en ook vir hulle elke Sondag deur sy Evangelie roep om saam met Hom te wees.

Die Gereformeerde kerk Pretoria-Annlin is hier, omdat Christus ons hier geroep het om saam met Hom en saam met ander gelowiges te wees. Ons is syne, daarom is ons sy kerk, sy gemeente. Leef saam met ander Christengelowiges in hierdie gemeente van Christus.

Ons kan dus ten slotte saamvat:

**Wat is die kenmerke van 'n Christus-gesindheid – iemand wat hulle identiteit in Christus vind?**

- Iemand met **innerlike vreugde en vrede.**
- Hulle gedrag en prioriteit **verander.**
- Dis mense met **liefde en deernis vir ander.** "Ek gee vir julle 'n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê." Joh. 13: 34-35.
- Nabootsers van Christus is **vrygewig en diensbaar.** Hulle sal hul tyd, talente en hulpbronne gebruik om ander te help.
- Dis iemand wat **getuig.** Wanneer iemand werklik hul identiteit in Christus vind, sal hulle 'n begeerte hê om hierdie goeie nuus met ander te deel.
- **Geestelike groei en verandering is vir hulle belangrik.** Daar is voortdurend 'n strewe na geestelike groei. Hulle sal tyd spandeer in gebed, Bybelstudie en gemeenskap met ander gelowiges.

# Gebedsbediening: Gebede vir verhoudings

Carina Pyper

**Leef Liefde:**
Want God is Liefde. Soos ons elkeen veg teen ons eie swakhede en daagliks God se hulp moet inroep daarteen, moet ons ons ook elke oggend in gebed met Sy Liefde beklee.

Liefde, vergewingsgesindheid, respek, eerlikheid -en-opregtheid, omgee, om mekaar te ken en goeie kommunikasie te handhaaf, is van die belangrikste eienskappe vir mooi verhoudings - veral ook binne huwelike. Liefde is 'n opdrag. Rom 12:10 sê: Julle moet mekaar liefhê met innige broederliefde.

1 Joh 4: 19-20. Ons het lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het. As iemand sê, "Ek het God lief", en sy broer haat, is hy 'n leuenaar. Want wie sy broer, wat hy sien, nie liefhet nie, kan nie God liefhê, wat hy nie sien nie.

**Rasseverhoudings:**
Om lief te hê moet ons God liefhê en ons naaste soos onsself. As ons enigsins haat in ons harte ervaar kan ons nie die liefde leef soos ons moet nie. Ons moet veral in hierdie slegte politieke klimaat in ons land waar rassehaat weer so aangehits word, ons harte daarteen bewaar. Ons moet ook saam bid vir mekaar, vir die onverdraagsaamheid van rasseverhoudings tussen die verskeidenheid volke en tale in ons land. Ons moet ook, soos ons leer uit die Bybel, vir ons vyande bid en hulle aan ons Hemelse Vader se troon opdra.

**Daar is soveel seer en gebrokenheid in huwelike en gesinne, daarom bid ons saam daarvoor:**

1 Kor 7:3: Laat die man sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom, en net so die vrou teenoor haar man.

**Almagtige God en Hemelse Vader, laat U Naam geheilig word. Ons dank U vir U liefde en genade. Ons bely ons afhanklikheid van U. Ons het U so nodig.**

**Wees asb. met huwelike in ons gemeente en die samelewing wat ons omring, dat daar goeie kommunikasie, respek en begrip vir mekaar in ons huwelike sal wees. Help ons om mekaar te vergewe. Daar waar daar gebrokenheid en seer in ons huwelike teenoor mekaar is, bid ons dat U dit asb. sal genees. Ons wil U aanroep en eer en bo alles wil ons dit doen omdat dit gaan om U koninkryk en om U wil te doen.**

Mark 10:14-15: Toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie langer verhinder nie, want die koninkryk van God behoort aan mense soos hulle.

**Help asseblief ouers om erns te maak met hul kinders se opvoeding, selfs as hulle nog klein is.**

# Gebedsbediening: Gebede vir verhoudings (vervolg)

**Wees ook met ouers wat tienerkinders moet lei in hierdie uitdagende samelewing met die invloed van sosiale media en ook verkeerde vriende wat 'n invloed op ons kinders het – beskerm hulle teen slegte invloede.**

**Wees ook met oumas en oupas en die rol wat hul in hul kinders en kleinkinders se lewens speel. Ons bid dat U hul die wysheid wat hul van U ontvang het, vir hul kleinkinders sal leer, 'n voorbeeld sal wees, en sal bydra tot hierdie kleinkinders se opvoeding in U Woord en hul geloof.**

**Seën die katkisasieklasse wat in ons gemeente aangebied word, en ook die leerkragte wat ons kinders in geloof en Woord opvoed.**

**Hemelse Vader, ons bid ook vir ons volwasse kinders se verhouding met hul ouers, dat hulle hul ouers sal eer en respekteer, dat ons volwasse kinders nie afvallig sal raak nie, dat hulle nie hul ouers in die steek sal laat nie maar ook sal vashou aan die opvoeding van geloof wat hulle ontvang het. Ons bid ook vir soveel ouers wie se kinders ver in die buiteland is. Hul sien hul kinders min en die verlange is groot. Wees U hul Trooster hierin.**

**Almagtige God, versterk ons in ons geloof dat ons sal vasstaan en nie afvallig raak nie, dat ons U lig sal wees wat ons uitstraal en die vrug van die Gees sal dra. Versterk ons deur die bywoning van die eredienste, deur Bybelstudie en gebed.**

**AMEN**

Daar is 'n gebedsbedieningsgroep wat gebedsversoeke hanteer. Indien u anoniem wil bly, is dit geen probleem nie. U saak sal op dieselfde wyse aan die Here opgedra word.

Volg hierdie skakel op Annlin se webblad na gebedsbediening.

# Ek teenoor ons

Magda du Toit

In ons strewe na onafhanklikheid gebeur dit dat ons soms so op ons eie behoeftes en belange fokus dat ons vergeet dat ons in verhoudings met ander mense leef.

Wanneer ons té onafhanklik raak en té veel op ons eie krag en vermoëns steun, loop dinge dikwels skeef. As ons minder ons eie koppe wil volg en eerder by iemand anders aanklop om raad en hulp en so bietjie van ons eie ego's wil afstand doen, sal die lewe soveel makliker en beter wees.

**"... eerder mekaar se behoeftes moet prioritiseer en ons verhoudings ... koester ..."**

Die Bybel gee vir ons riglyne oor hoe ons saam met ander mense moet leef en die fokus is op ons verantwoordelikheid teenoor mekaar. Ons leer dat ons mekaar moet aanvaar, vergewe, liefhê, help, ondersteun, moed inpraat, leer en onderrig. Ons word daarop gewys dat ons mekaar se laste moet dra en in vrede met mekaar moet lewe.

- 1 Kor. 12:26-27: **Julle is die liggaam van Christus en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan ... as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.**
- Jak. 5:16: **Bid vir mekaar.**
- Rom. 15:7: **Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.**
- 1 Tess. 5:11-13: **Daarom moet julle mekaar help om nie moedeloos te word nie en om sterk te wees, soos julle al klaar doen. Vriende, ons vra vir julle dat julle die leiers moet respekteer wat hard werk daar by julle. Daarom, bemoedig mekaar en bou die een die ander op, soos julle ook doen.**
- Rom. 14:19: **Kom ons streef dan na die dinge wat die onderlinge vrede en mekaar se opbou bevorder.**
- Gal. 5:13: **Dien mekaar in liefde.**
- Ef. 4:2: **Verdra mekaar in liefde.**
- 1 Pet. 4:9: **Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla.**
- Kol. 3:16: **Leer en onderrig mekaar met alle wysheid.**
- Ef. 5:19: **En sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hart tot eer van die Here.**
- Kol. 3:13: **Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.**

Die Bybel wys vir ons dat ons, in plaas daarvan om op onsself te fokus, eerder mekaar se behoeftes moet prioritiseer en ons verhoudings met mekaar behoort te koester.

Ek teenoor ons. Alleen teenoor mekaar. Dit vra opoffering. Dit verg dat ons meer tyd aan mekaar moet afstaan. Dit eis dat ons minder van ons eie belange eerste moet stel en bietjie meer moet toegee. Dit kan dalk onmoontlik klink om so te leef.

Jy mag dalk dink jy gaan dit nooit regkry om altyd die minste te wees of om meer toe te gee nie. **Maar dit is wat Jesus van ons vra – ons moet altyd die ander hoër ag as onsself.**

Nie ek eerste en alleen nie, maar ons saam met die Here!

# Verhouding tussen gelowiges en ongelowiges

Kitty Nel

Die verhouding tussen gelowiges en nie-gelowiges is 'n belangrike aspek van intergeloof en sosiale interaksie. Die woorde "moenie saam met ongelowiges in dieselfde juk trek nie" (2 Kor. 6:14), word soms verkeerdelik geïnterpreteer deurdat mense dink dat ons alle assosiasie met ongelowiges moet verbreek. Paulus sê nie dat ons nie ongelowige vriende moet hê nie, maar sê wel om nie saam met ongelowiges te werk in hul praktyke en wêreldbeskouings nie. Om nie aan dieselfde juk te trek nie beteken dus om nie saam met hulle in hul lewenstyl en geloofstelsel saam te werk nie, en daarom soos hulle te word nie.

Die "beeld van God" (Gen. 1:27, Kol 1:15, Ef. 4:24) is nie 'n letterlike, fisieke ooreenkoms nie, maar eerder 'n weerspieëling van God se eienskappe en karakter. **Jesus se karakter word gekenmerk deur liefde, genade, vergifnis, geduld en selfbeheersing.** Hy het 'n lewe van diensbaarheid, opoffering, deernis en nederigheid teenoor almal (selfs die weggestotes en armes) geleef. Eerder as om nie-gelowiges te veroordeel of te isoleer, word gelowiges aangemoedig om met hulle gedrag Jesus te verkondig.

**"Soos Jesus Homself nie van nie-volgelinge onttrek het nie, moet ons nie van ongelowiges onttrek nie."**

Jesus self sê dat ons Sy getuies sal wees en dat ons God moet liefhê en ons naaste soos onsself. (Hand. 1:8; Matt. 22:37-40; 1 Joh 4:7-21). Die eerste 4 gebooie fokus op jou verhouding met God en die laaste 6 op jou verhouding met jou naaste (Eks. 20).

In 1 Kor. 13 leer ons wat liefde is. Dit is die samevatting van die hele wet en van hoe 'n gelowige se verhouding teenoor 'n ongelowige moet wees (1 Pet 3:8-12, 4:8; 2 Pet 1:7; Gal 6:10; Efe 5:1). Hierdie dinge beklemtoon dat geloof nie moet gaan oor vyandigheid nie, maar oor 'n etiese en deernisvolle lewe.

Soos Jesus Homself nie van nie-volgelinge onttrek het nie, moet ons nie van ongelowiges onttrek nie. Deur Christus se voorbeeld (karakter/beeld) en die Bybel te volg, kan gelowiges sinvol met nie-gelowiges betrokke raak sonder om hul eie geloof in gedrang te bring.

Uiteindelik kan hulle nie-gelowiges op die transformerende krag van die Evangelie wys. Die vroegste definisie van die teologie is **"Geloof wat begrip soek."** Gelowiges word geroep om "die tyd uit te koop" deur elke geleentheid te benut om nie-gelowiges aan die evangelie bekend te stel deur middel van vriendskappe, eerder as dwang
(2 Kor 2:15-17).

# Die Werknemer-werkgewer-verhouding in wetstoepassing: 'n Geloofsgegronde perspektief

Danie Pelser

In wetstoepassing is die verhouding tussen werknemer en werkgewer dikwels gelaai met strukture, opdragte en verantwoordelikhede.
Maar agter die uniform, voorskrifte en hiërargie is ons steeds mense – brose, verantwoordelike skepsels wat geroep is om mekaar met respek en regverdgheid te hanteer. Vir ons as gelowiges in die Tshwane Metropolisie behoort hierdie verhouding méér as 'n amptelike plig te wees – dit is 'n geleentheid om ons geloof en roeping tot arbeidsaamheid prakties uit te leef.

**"... altyd met die doel om geregtigheid, versoening en hoop te bring ..."**

Die Bybel leer ons dat alle gesag van God af kom (Romeine 13:1), maar dit beteken nie dat gesag sonder verantwoordbaarheid beoefen moet word nie.

Werkgewers – oftewel die bevelstrukture – het 'n godgegewe plig om regverdig, deursigtig en empaties op te tree. Kolossense 4:1 stel dit duidelik:

**"Werkgewers, behandel julle werkers reg en billik, want julle weet dat julle ook 'n Meester in die hemel het."**

In praktyk beteken dit om elke werknemer in die diens as 'n mens met waarde te sien – nie net as 'n rang of nommer nie.

Ons as werknemers – ongeag rang – word geroep tot integriteit, getrouheid en toewyding. Kolossense 3:23–24 herinner ons:

**"Wat julle ook al doen, doen dit van harte, as vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here 'n erfenis as beloning sal ontvang."**

Selfs wanneer strukture faal of onregverdig ervaar word, bly ons roeping een van waardigheid, diensbaarheid en volharding in die geloof.

Die werklikheid is dat daar tye van spanning sal wees – oor bevorderings, prosedures, of waar stemme nie gehoor word nie. Maar selfs dan moet ons, volgens Spreuke 31:8:

**"ons mond oopmaak vir die stomme, vir die reg van almal wat verlate is."**

Dit doen ons met wysheid, sonder bitterheid, en altyd met die doel om geregtigheid, versoening en hoop te bring – ook in die werkplek. So tree ons dan op tot eer van God.

Mag julle  verhoudinge met julle werkgewers, werknemers en kollegas altyd 'n weerspieëling wees van julle  verhouding met Christus – een van eer, geregtigheid en diensbaarheid.

# Om die woord by ons kinders in te skerp

Giepie en Anneën van der Merwe

**“En jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan” Deut. 6:7**

Ons as ouers ontvang hierdie opdrag van die Here, sodat ons ons kinders kan leer om ook in hul daaglikse oomblikke aan Jesus se woorde getrou te kan bly (Vergelyk Johannes 8:31).

**Hoe gaan ons dan te werk om vir die Here hierin bruikbaar te wees?**

Ons hoor in hierdie gedeelte hoe dit nie net beteken om stiltetyd met ons kinders in die oggende of aande te hou nie, want só word die Woord nie genoegsaam by ons kinders ingeskerp nie. Maar dit dui ook daarop dat ek en jy as ouer die **beste gebruik moet maak van elke geleentheid** wat ons deur elke dag saam met ons kinders het, om die Here se Woord in hulle lewens te laat inspreek.

Soos wat die lewe met ons en ons kinders gebeur, moet ons as ouers ons daarop toelê om **met hulle oor die Here se wil en Sy Woord** vir elke situasie en elke lewensomstandigheid, te gesels. En moet ons dit vir hulle gaan voorleef (sien Deut. 6 verder) in ons teleurstellings, prestasies, hartseer en ander omstandighede. Dan kan hulle sien hoe die Woord van die Here nie net bedoel is om net gelees te word nie, **maar geleef te word!**

Ons kan hulle nie oortuig van die krag van Jesus se woorde in elke oomblik van ons lewens nie, net die Gees kan dit doen. Maar **ons kan ’n voorbeeld daarvan vir hulle wees** soos wat die Gees dit ons eie lewens werk. Mag Sy Woord dan so, al meer, ons en hulle lewe word!



# Stille week

Rika du Plessis

Tydens die stilleweek het ons, as gemeente, die geleentheid gehad om op 'n reis te gaan – **'n Reis op Jesus se voetspore, die laaste dae voor Sy kruisiging.**

Die reis het op Palmsondag begin, waar Jesus as Koning van Vrede, met 'n jubelende skare rondom hom, Jerusalem binnegaan. Stukkie vir stukkie, aan die hand van Markus se vertelling van die gebeure, het ons tydens die aand-oordenkings die gebeure van elke dag bekyk. Die werklikheid dat Jesus elke dag nader aan die kruis beweeg, kon ons deur musiek, sang en 'n Woord-oordenking opnuut raaksien.

Donderdagaand, kon ons saam die Nagmaal vier en besef dat Jesus alleen die oordeelsbeker gedrink het, sodat ons net die beker van danksegging kan drink. Ons kon ook saam met mekaar die gemeente ete geniet.

Na Vrydagoggend se erediens kon ons in stilte uit die kerkgebou stap, diep bewus dat dit die tyd was waartydens Jesus gekruisig is. Ons was ook deur die loop van die dag bewus van die lyding en die donkerte, dat Jesus sy laaste asem uitgeblaas het en begrawe is. Daarna het die stille Saterdag gevolg waartydens ons weer kon raaksien dat God steeds in die stilte aan die werk is.

Sondagoggend kon ons, soos dit lig word, iets beleef van wat die vroue vroegoggend by die graf ervaar het, en daarna jubel oor die opgestane Jesus.

Dit was 'n ongelooflike belewenis. 'n Week waartydens ons ons kon verdiep in dit wat Jesus vir elkeen van ons kom doen het, en **waartydens ons opnuut besef het dat ons elke dag in vertroue op ons Koning kan leef!**










# Visitasie by GK Pretoria-Annlin: Rapport

Ds. Pieter Kurpershoek

Ons gemeente het op **19 Maart 2025** huisbesoek van ds. Thys Erasmus (GK Magalieskruin) en dr. Malan van Rhyn (GK Pretoria-Noord) ontvang. Uit hul verslag van die gesprek word die volgende opsommend gestel:

Ds. Thys het uit Kolossense 1 gelees en die kerkraad en diakens daaraan herinner dat hulle vir die gemeente voorbidding moet doen.

Die **bedienaar van die Woord**

Die bediening van die Woord (insluitend kategese) is Christusgesentreerd en opbouend.
Huisbesoek en hospitaalbesoeke word getrou gedoen, insluitend sterwensbegeleiding.
Die kerkraad is bewus van ds. Pieter se werk in die kerkverband.
Daar is kommer oor ds. Pieter se werkslas, wat egter volgens hom hanteerbaar is.

Die **ouderlinge**

Die ouderlinge hou toesig oor en betrek lidmate by die bedieningswerk.
Lidmate word besoek, vertroos en vermaan.
Tydens vergaderings word oor lidmate se geestelike lewe gesels.
Ouderlinge neem leiding by Evangelisasie en Bybelverspreiding.
Die dienswerk van Expando word benut.

Die **diakens**

Die diakens werk verantwoordelik met die liefdegawes en is by die kinderhuis betrokke.
Die diakens wek as span die gemeente op tot geloofsgemeenskap met mekaar.
Die diakens neem leiding in bedieningsgroepe en word toegerus.

Die **Susters**

Die susters tree as diensgroep op en help met meelewing in en dienswerk buite die gemeente.

Die **Jeug**

Die katkisasie vind gereeld plaas onder toesig van die ouderlinge.

**Finansies**

Boekhouding is in plek, ramings is op datum en daar word met die gemeente gekommunikeer.
Die kerkraad word aangemoedig om die boeke jaarliks ekstern te laat oudit.
Die predikant, emerituspredikant en -weduwees se versorging is volgens die kerkraad op peil.

**Advies**

Die kerkraad het advies gevra oor hoe om die finansiële las van ramings te hanteer. Die visitatore het daarop gewys dat die geestelike bearbeiding van 'n gemeente bydra om die las te verlig en die kerkraad is aangemoedig om tug toe te pas waar nodig.

**Samevattend** stel die visitatore:

Dit is duidelik dat hierdie gemeente ernstig is oor hulle roeping as kerk van die Here. Die verskillende ampte voer hulle dienswerk nougeset uit. Ons bede is dat die Here hulle steeds met groot vrug in sy koninkryk sal gebruik.

# Visitasie by GK Pretoria-Annlin: Perspektiewe

Oudl. Jan Rehder, Diak. Towan Nöthling,

Oudl. Jan Rehder

Op Woensdag 19 Maart 2025 ontvang ons - as gemeente - visitasie in klassisverband toe dr. Malan Van  Rhyn en ds. Thys Erasmus "huisbesoek" by Pretoria-Annlin se kerkraad en diakens gedoen het.

Visitasie kan beskryf word as besoeke wat kerke by mekaar in klassisverband aflê om ag te gee aan mekaar en mekaar te ondersteun.

Kerkvisitasie is so oud soos die kerk self (Hand.9:32). In Gereformeerde kerke is visitasie aanvanklik nie as noodsaaklik beskou nie omrede Klassis dikwels bymekaar gekom het en onderlinge toesig op hierdie vergaderings voldoende was. Later is daar in kerkverband bepleit om meer gereelde visitasies te reël, veral om probleme en moeilike vraagstukke wat in gemeentes mag ontstaan, betyds aan te spreek.

In Suid-Afrika vind visitasie plaas aan die hand van Artikel 44 Kerkorde (KO) waartydens die opgestelde reglemente gebruik maak van die 12 vrae wat mettertyd ontstaan het.

Dit is interessant dat student Brendan Vorster as voorsitter opgetree het vir indiens-opleiding terwyl die visitatore indringende vrae aan die kerkraad en diakens gestel het. Ouderlinge en diakens het eerlik geantwoord en daar was ook geleentheid om die visitatore se raad te ontvang oor sekere kwellinge wat geopper is.

Nadat die besoek afgesluit is met gebed, het ek die saal verlaat met 'n stille gevoel van troos dat die poorte van die hel nie die kerk sal oorweldig nie. (Matt. 16:1-20) God het elke uitverkorene duur gekoop met die bloed van Sy Seun, Jesus Christus en daarom kan die poorte van die hel geen uitverkorene van God insluit nie. Christus se kerk sal nie oorweldig word nie.

# Visitasie by GK Pretoria-Annlin: Perspektiewe (vervolg)

Diak. Towan Nöthling

In Maart het ons gemeente huisbesoek ontvang – en sommer van twee dominees! Vir die kinders: ’n mens noem hierdie huisbesoek visitasie, en dit het niks met visstokke of Harties te doen nie, maar is afgelei uit die Latynse term visito wat “gereeld besoek” beteken (vergelyk met die Engelse ‘visit’).

Die doel van visitasie is vir gemeentes binne ’n klassis (ons gemeente is deel van die klassis Trans-Magalies) om mekaar by te staan en toe te sien dat ons ’n suiwer kerk vir Christus bly. Ds. Malan van Rhyn, van die GK Pretoria Noord, en ds. Thys Erasmus, van die GK Magalieskruin, het tydens hierdie besoek as visitatore opgetree, en die teologiese student Brendan Vorster het die vergadering baie bekwaam gelei.

Enige gemeentelid kon die visitasievergadering bywoon of vooraf met die visitatore gesels. ’n Belangrike doel van die visitasiebesoek is om te verneem of die ampsdraers hulle werk getrou doen en om hulle aan te spoor, toe te rus, of te vermaan.

Die besoek het my, as diaken, opnuut herinner om my dienswerk met ywer en erns te verrig. Om seker te maak dat die diakonie goed funksioneer, het die visitatore ons, namens gemeentes in die klassis, uitgevra oor die stand van die diakonie se finansies en ons versigtige besteding van middele om binne en buite die gemeente te help waar daar finansiële nood is.

Die visitatore het ook bevestig dat die diakonie gereeld binne die breër kerkraad rapporteer en dat die diakens toerusting tydens kerkraads- en diakonievergaderings ontvang. Die diakens is weer daaraan herinner dat dit hul kernopdrag is om die gemeente toe te rus vir onderlinge dienswerk en om toe te sien dat gemeentelede binne die kerk meeleef.

As gemeente waardeer ons die liefde wat al ons sustergemeentes aan ons bewys deur by ons te kom huisbesoek doen—al was daar nie koeksisters nie.

# Pinkster 2025: Die Gees bind ons wêreldwyd aan Christus en mekaar

Ds. Pieter Kurpershoek

Die aand voor sy dood bid ons Here Jesus dat ons as gelowiges een mag wees, **sodat die wêreld kan glo** dat Jesus deur die Vader gestuur is (Johannes 17:20-26). Vir ons Here Jesus is dit lewensbelangrik dat gelowiges hul wêreldwye geloofsband met mekaar sal erken en uitleef. Daarom vuur die Heilige Gees gelowiges van die begin af aan om mekaar by te staan wanneer daar vrae is (Handelinge 15) en mekaar te help wanneer dit nodig is (1 Korintiërs 16).

Op **Pinkstersondag (8 Junie 2025)** wil ons DV fokus op ons as gemeente se bande met ander kinders van ons Here wêreldwyd. Prakties oorweeg ons om met mede-gelowiges in Ismir in Turkye kontak te maak. Hieroor wil ons na die erediens bietjie met mekaar gesels.

Hoekom juis met die gelowiges in Ismir? Ismir is die hedendaagse weergawe van die stad Smirna - een van die sewe gemeentes in Openbaring. Toe het ons broers en susters daar swaargekry, met baie wat bitter arm was, terwyl sommiges in tronke gegooi is – nét omdat hulle Jesus as enigste Here erken het (Op. 2:8-11).

Vandag is die situasie soortgelyk. In Turkye (meer as 80 miljoen mense) is daar tans:

**20 000 tot 25 000** protestantse Christene wat in **182** geloofsgemeenskappe saamkom.

Ongeveer **7 000** van hierdie Christene het vanuit die Islam tot bekering gekom en beleef persoonlike swaarkry.

Ook word protestantse Christene gekeer om hul eie kerkgeboue te kry, buitelandse protestantse Christene sukkel met verblyfspermitte en daar word doelbewus gepoog om opleiding van kerkleiers te keer.

In ons moontlike kontak met hierdie broers en susters kan ons vir en saam met hulle **bid dat hulle altyd die oog op Jesus Christus sal hou** en kan ons met persoonlike kontak hulle versterk om die goeie nuus van Jesus te bly uitdra!

# Kerkfinansies

| | April 2025 | | Jaar tot datum | |
|---|---|---|---|---|
| **Inkomstes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Lidmaatbydraes ontvang | ** | ** | ** | ** |
| Evangeliesasie-bydraes ontvang | ** | ** | ** | ** |
| Ander inkomste (huur/rente) | ** | ** | ** | ** |
| **Totale Inkomstes** | *** | *** | *** | *** |
| **Uitgawes** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** | **Werklik (Rand)** | **Begroot (Rand)** |
| Ramings | ** | ** | ** | ** |
| Instandhouding: Woordbediening | ** | ** | ** | ** |
| Evangelisasie-bydraes | ** | ** | ** | ** |
| Emeriti-versorging | ** | ** | ** | ** |
| Sustentasie Mmakau | ** | ** | ** | ** |
| Bate-instanthouding & verbeterings | ** | ** | ** | ** |
| Administratiewe uitgawes | ** | ** | ** | ** |
| Sosiale bydraes | ** | ** | ** | ** |
| Jeug | ** | ** | ** | ** |
| Studentopleiding: kostes | ** | ** | ** | ** |
| Totale uitgawes | ** | ** | ** | ** |
| **Netto tekort vir die maand** | *** | *** | *** | *** |

Vir April 2025, het die kerkkas 'n netto-tekort van ** gehad. Die lidmaatbydraes vir April 2025 was ** minder as die begrote lidmaatbydraes. Die lidmaatbydraes vir die jaar tot datum is ** minder as die begrote lidmaat bydraes.

| **Instandhoudingsfonds** | **April 2025** | **Jaar tot datum** |
|---|---|---|
| Spandeer | ** | ** |

Die bate-instandhoudingsfonds het ** spandeer gedurende die maand, en vorm nie deel van die bostaande uitgawes nie.

## Verwelkomingskommissie

Renate Wannenburg (Sameroeper)

Die verwelkomingsdiensgroep bestaan uit 'n groepie susters in die gemeente vir wie dit belangrik is dat **elke nuwe intrekker dadelik tuis sal voel** in die gemeente en ook so gou as moontlik betrokke sal raak by aktiwiteite in die gemeente.

Daarom sal ons tydens ons ontmoeting met hulle gesels en probeer vasstel of daar enige geestelike of fisiese behoeftes by hulle is waarmee ons behulpsaam kan wees deur hulle in kontak te bring met die regte persone wat hulle kan help.

Voorbeelde is:

- **Eensames** - Koinoniagroep met Ena Brits as sameroeper.
- **Vervoerprobleme:** Vervoer-bedieningsgroep – Renske Hofmeyer.
- **Geestelike behoeftes** – Ds. Pieter of Hannes Venter van die Terebinte groep.
- **Hospitaalbediening** - Towan Nöthling.

Verder sal ons ook met hulle gesels oor waar hulle gemaklik sal voel om hulle gawes in diens van die Here te gebruik deur betrokke te raak by die bedrywighede van die kerk of by watter diensgroepe hulle sou wou inskakel.



Verder werk ons die verwelkomingspamflet met hulle deur sodat vrae wat kan opduik onmiddelik beantwoord kan word. Dan stel ons hulle bekend aan van die gemeentelede wat besig is om tee te drink.

Hulle vul ook 'n inligtingsvorm in met volledige besonderhede waarop hulle ook kan aandui of hulle die Fontein via WhatsApp of e-pos wil ontvang en waar hulle ook kan aandui of hulle inligting in die nuusbrief kan verskyn of nie. Daar word ook navraag gedoen of hul attestaat reeds aangevra is na Pretoria-Annlin gemeente.

Opvolgwerk:

- 'n Foto van die inligtingvorm word op die Verwelkoming WhatsAppgroep geplaas.
- Twee persone besoek hulle dan by die huis.
- Ons nuwe intrekkers word uitgenooi na die KKNK sodat hulle bekendgestel kan word aan ander lidmate.
- Met die Nagmaalete word daar ook persoonlik met hulle kontak gemaak en as hulle nog nie by 'n groep ingeskakel is nie, word daar sorg gedra dat hulle by 'n tafel sit by van die verwelkomingsgroeplede.

## Kinderhoekie

# Vervolgverhaal: Die Groot Geheim ...

Nicola du Plessis

"Dit is ’n briljante idee, Ray-Lene." Suzanne spring op.
"Nou is die groot probleem net om ons plan geheim te hou totdat die tyd ryp is.”
“Suzanne, Ray-Lene,” laat Anzel van haar hoor, “ek wil nou nie die spoil-sport wees nie, maar hoe gaan ons dit geheim hou met daai drie nuuskierige agies? Ons weet al drie dat Herman en Luan speurders kan word. Om nie eens van Edwin te praat nie! Hulle gaan weet ons steek iets weg nog voordat ons met die fondsinsameling begin het." Albei die ander meisies se opgewondenheid verdwyn soos mis voor die son.
"Ja, dit is dalk so ’n bietjie van ’n probleem." Ray-Lene gooi haar blonde vlegsel oor haar skouer.
"Dan moet ons maar net eenvoudig met ’n plan vorendag kom om hulle van ons spoor af te sit.”





Die drie meisies sit ingedagte en staar voor hulle uit. ’n Fluit klief deur die lug onder Suzanne se kamervenster. Sy loer daardeur.
"Hulle is hier," sê sy droog. Anzel maak die venster oop en skree vir hulle:
"As julle vir een-of-ander onverklaarbare rede nog nie agtergekom het nie, die voordeur is nie hier nie, hierdie is ’n venster... op die tweede verdieping!"
Grynsend loop die seuns om na die voordeur toe.
"Onthou nou julle, ons het geen geheime plan nie!" Suzanne gaan maak die voordeur oop.
“Wil julle koeldrank hê?” vra Suzanne so onverwags, dat die seuns in die deur vassteek.
“Wat weet julle wat ons nie weet nie?” vra Edwin, sy oë op skrefies getrek. Hierdie seuns ken hulle duidelik hopeloos te goed...

Kleuterpret

# Inkleuprent


Vra vir mamma of pappa om ’n afskrif te maak van hierdie bladsy. Kleur dan die prentjie in, en kom plaas dit op die kennisgewing bord in die voorportaal by die kerk!



## Jongmensjolyt

# Aktiwiteit

Vra vir mamma of pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak. Laat hulle jou dan help om jou familieboom in te vul. Jy kan selfs fototjies plak!



# Tienerfokus

Henriëtte Mulder



Dit is partykeer moeilik om te weet wat dit behels om 'n goeie en ware vriend te wees. Daar is so baie dinge wat ons opinies en gedrag beïnvloed; vanaf ouers, die populêre groepe tot by sosiale media. Soms is dit net te moeilik om deur al die geraas deur te besef dat ons nie noodwendig die beste vriend vir ons vriende is wat ons kan wees nie.

## So, hoe kan ons dus bepaal of ons werklik goeie vriende is?

Om 'n goeie vriend te wees, kan ons ons aksies prakties in 'n paar kategorieë verdeel - **die woorde wat ons gebruik, ons emosies, en wat ons doen.**

### Die woorde wat ons gebruik:

Praat sonder om te dink kan soos dolksteke wees; wyse mense bring genesing met wat hulle sê. **(Spreuke 12:18)** Dink mooi watter woorde gebruik word. As mens een keer iets gesê het, kan dit nooit weer teruggeneem word nie.. Iemand wat die waarheid verdraai, veroorsaak twis, iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende. **(Spreuke 16:28)**

### Ons emosies:

In **1 Korintiërs 3:3** word ons daaraan herinner dat jaloesie en twis onder mekaar kan voorkom, dit sluit vriende in. Ons moenie toelaat dat jaloesie veroorsaak dat ons nie vir mekaar kan bly wees nie.
Wanneer ons toelaat dat ons jaloesie die oorhand kry, kan dit veroorsaak dat ons ons vriende baie seermaak, maar ook dat ons hulle kan verloor. Ons moet leer om opreg in hulle blydskap en sorge te deel. Vriende kan mekaar se las verlig.

### Wat ons doen:

Kies goeie vriende. **Spreuke 18:24** leer ons: Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer.
Behandel ander mense soos julle self behandel wil word. **(Lukas 6:31)**
In **Spreuke 20:6** staan daar: Baie gee te kenne dat hulle getrou is, maar wie kan werklik 'n betroubare mens vind? As antwoord hierop moet ons betroubaar en lojaal wees.
Yster slyp yster, vriende vorm mekaar. **(Spreuke 27:17)**
Laastens moet ons saam met en vir mekaar bid. Só hoef ons ook nie alleen blydskap of seerkry te dra nie, maar kan ons saam met mekaar alles voor God bring.

Daar is natuurlik nog baie ander dinge wat ons kan doen om 'n goeie en ware vriend te wees, maar **solank ons daar is vir mekaar, saam die laste en blydskap dra en bid,** kan 'n vriendskap net groei.



## Brief aan die Redakteur

Ek het op 15 Februarie by GK Pretoria-Annlin aangekom en nie presies geweet wat alles vir my voorlê nie. Dit was die eerste keer dat ek so lank by een gemeente diensbaar sou wees. Aan die begin was dit vir my moeilik, want dit was 'n vreemde omgewing en my ouers en verloofde was ver weg. Dit het gevoel asof ek in die diepkant gegooi is. Daar was tye waar ek oorweldig gevoel het, tye wat ek gewonder het of ek die mas sal kan opkom, maar soos ek nou aan die einde van my reispad staan, is ek baie dankbaar teenoor die Here, want Hy het in my tyd hier aan my gekap en gevorm, en ek glo ook dat Hy elke situasie gebruik het om my meer na die beeld van sy Seun te vorm. En waarvoor meer kan 'n teologiese student vra? Waarvoor meer kan enige Christen vra...

Ons Hemelse Vader het elke geleentheid wat oor my pad gekom het, gebruik om my voor te berei vir wanneer ek eendag DV self in die bediening gaan staan. Elke lidmaat van GK Pretoria-Annlin kan elke aand met 'n geruste hart gaan slaap dat hulle in 'n dinamiese gemeente is waar Christus suiwer verkondig word en waar die gemeente deur goeie en ywerige leierskap toegerus word om nie net elke Sondag in die kerk te sit nie, maar hulle gawes na buite te neem.

Ek het besef dat die bediening veeleisend is. Elke teologiese student moet na aanleiding van so 'n reis vir homself kan afvra of hy gereed is om so baie van homself vir die gemeente te gee waarin hy geplaas gaan word. Een ding wat ek wel kan sê, is die volgende: Ek is op hierdie stadium meer reg as toe ek hier aangekom het, en dit is danksy die predikant, die kerkraad en elke lidmaat wat 'n aandeel in my vorming gehad het. Ek glo dat die Here my sal gebruik soos Hy goeddink en dat ek eendag sal terugkyk en herinner sal word aan baie waardevolle lesse wat ek by Annlin geleer het.

**Ek groet julle almal, maar ek bly julle broer in Christus, en julle my broers en susters**

**Brendan**

## Het jy geweet?

In die Bybel kom die **getal veertig** tydens die volgende gebeure voor:

**Jesus se hemelvaart het veertig dae ná sy opstanding plaasgevind.**

**Dit het veertig dae (en nagte) gereën tydens die sondvloed.**

**Moses het veertig dae (en nagte) op die Sinaiberg deurgebring.**

**Moses se lewe kan in drie tydperke van veertig jaar elk verdeel word: (1) van sy geboorte tot sy ontsnapping na Midian, (2) sy aankoms in Midian tot God se bevel gekom het om na Egipte terug te keer om Sy volk uit slawerny te bevry, (3) veertig jaar in die woestyn.**

**Moses en Elia en Josua elk het 40 dae gevas (Exo 34:28, 1 Kon 19:8 en Matt 4:2)**

**Die hele stad Ninevé het verander toe God die mense 40 dae tyd gegee het om hulle reg te ruk. Jona 3:4**

**Esegiël lê 40 dae op sy een sy vir die volk se sondes (Eseg 4:6)**

**Jona het die stad ingegaan en 'n dag lank daar rondgestap en toe roep hy: "Nog net veertig dae en Nineve word verwoes!**

**Jesus het veertig dae (en nagte) in die woestyn deurgebring (waar Satan Hom versoek het).**

**Bronnelys:**

- **Beers, V.G. 2012. Reis deur die Bybel – ontdek die Bybel deur belangrike verhale. Kaapstad: Lux Verbi.**
- **Davidson, G. 2008. Why are there no cats in the Bible? And other fascinating facts to expand your knowledge of the Bible. London: Arcturus Publishing.**

# Diere en voëls van die Bybel

### Inleiding
### (Deel 1)

In die begin het God die hemel en die aarde geskep. Op **dag 5** het Hy die groot seediere geskep en al die ander lewende wesens waarvan die waters krioel, almal na hulle aard, ook al die voëls na hul aard.

Op die **sesde dag** het God die wilde diere op die aarde gemaak, elkeen na sy aard; ook die mak diere, elkeen na sy aard; en ook al die diere wat kruip, elkeen na sy aard. (Genesis 1:1-29).

Diere en voëls word ongeveer **3 000 keer** in die Bybel genoem! Vir die volgende aantal uitgawes van die Fonteinmaandblad gaan ons poog om hierdie minder bekende aspek van die Bybel na te slaan en julle op 'n informele wyse hieromtrent toe te lig.

Die doel hiervan gaan nie wees om elke liewe dier, voël, insek, reptiel, ens. te noem en te bespreek nie, maar ons gaan wel **poog om die rol en funksie van wat hulle in die Bybel vervul het, uit te lig.**

**Bronnelys:**
**Cansdale, G. 1970. All the animals of the Bible lands. Grand Rapids, MI.: The Paternoster Press.**

In Deuteronomium 1:19-21 lees ons dat God het die beloofde land vir sy volk gegee en hulle beveel om dit in besit te neem. (Sien ook Genesis 17:8). Maar waar was dít?

Kanaän word rofweg beskryf as 'n grondgebied tussen die Middellandse see in die weste en die Jordaanrivier in die ooste. Gedurende daardie tyd was die gebied omring deur Egipte en Arabië in die suide, in die ooste Mesopotamië en in die noorde Sirië en die Hetiete. In vandag se moderne tye stem dit ooreen met die gebied wat bestaan uit Libanon, Palestina en Israel.

Geografies bestaan hierdie gebied uit ses sones, naamlik die kusvlakte, die vrugbare voetheuwels, die sentrale hooglande, die Megiddo-vlakte, die Galilea-area en die Jordaanvallei. Voorwaar uitstekende habitat vir dierelewe óók!

**In die volgende aflewering begin ons met voëls, spesifiek roofvoëls.**



# Blokadvertensies
























Skandeer die QR Kode of kliek op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms: